

6 JANUARIE

SKRIFGEDEELTE: PSALM 6; MATTEUS 5:4 (OAV)

FOKUSGEDEELTE: PSALM 6:5

Regverdiges pleit om vergifnis op grond van God se goedertierenheid

Ons leef in 'n hartseertyd – daarvan spreek elke kind wat MIV-positief gebore word, elke moeder wat met dieselfde siekte sterf, elke boer wat grusaam sterf, elke polisielid wat afgemaai word, elke ouer wat sy kind vir die wêreld gooi, elke kind wat rebelleer, elke gesinsmoord, elke doopbelofte wat nie nagekom word nie, elke leë huweliksbelofte, elke valse belydenis van geloof, elke predikant of ouderling of diaken wat sy diens verloën, elke verdagmaking van die Woord, ja, elke heilsfeit wat afgemaak word. Dit is om van te huil! Jesus roep ons op om te treur (Matteus 5:4): “Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word.” Nie oor 'n geliefde wat gesterf het nie, nie oor 'n ernstige siekte wat jou lewensgehalte bedreig nie, nee, oor jou sonde, ook oor die sonde van die kerk, soos Jesus oor Jerusalem huil.

In Psalm 6 sien ons 'n baie-baie hartseer man. Sy liggaam en sy gees is verskrik daarvan. Hierdie man is Koning Dawid. Hy huil oor sy eie sonde en oor die sonde van die kerk. Dog, om te treur oor sonde is 'n kenmerk van die regverdige. Die regverdige wat vir ons in die psalms so deurlopend geteken word, is nie 'n sondelose mens nie, maar 'n mens wat hartseer is oor die sonde wat hy doen en oor die sonde wat sy medegelowiges doen. Maar dan, die wonder van regverdig-wees, is ons pleitgrond – die goedertierenheid van die HERE. Ons pleit om vergifnis op grond van God se verbondsliefde wat daar in Christus Jesus is. Dan kan ons saam met die hartseer-wees ook bly wees, want die Heilige Gees sal as ons Trooster optree, saam met ons gees getuig dat ons kinders van God is en ons verseker van God se liefde in Christus Jesus.

Sing: Skrifberyming 16:2/11-3:2

Ds Louis Aucamp (Bloemfontein-Suidheuwels)